Dinsdag **26 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:18-22 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:18-22**

**Vlug met sondeberou in droefheid na God**

In Bybelse tye het gelowiges dikwels gely weens hulle geloofsvolharding. Petrus troos hulle deur daarop te wys dat wie ly omdat hy goed doen, 'n heerlike uiteinde kan verwag. Toonbeeld hiervan, skryf hy, was Christus. Christus was sondeloos, maar het die ergste lyde denkbaar deurgemaak – en dit ter vergewing van ons sondes. Hy het gely en gesterf sodat ons voor God geregtigheid kon ontvang. Christus se lyde het vir Hom op heerlikheid uitgeloop, want Hy is uit die dood opgewek (vs 18) en het opgevaar na die hemel, waar Hy aan die regterhand van God sit (vs 22). Dat Christus hierdie pad van lyde-na-heerlikheid sou volg, is reeds eeue tevore in die Ou Testament in vooruitsig gestel. So 'n vooruit-teken was die gebeure met Noag, wat in opdrag van God die ark gebou het (vs 20). Noag het volhard, al het sy goddelose bure hom oor die ark gespot, en sy waarskuwings oor die komende vloed en oproepe tot bekering afgelag. Die spotters se uiteinde was dat hulle in hulle sonde-ellende gesterf het, terwyl Noag en sy gesin gered is.

In vers 19 skryf Petrus: Toe Christus uit die vernedering van sy dood opgestaan en in heerlikheid na die hemel opgevaar het, was dit vir Noag se spotters, wat toe al eeue lank in die doderyk was, 'n getuienis, as 't ware 'n preek. Want sy hemelvaart het hulle met bittere selfverwyt laat besef: Wie die woorde van God verag, soos ons het, eindig in die ewige dood; maar wie met sondeberou in droefheid na God toe vlug, ontvang deur geloof in Christus vergewing van sondes en die ewige heerlikheid as bestemming.

Christus lewer hierdie selfde preek aan ons as gelowiges van die NuweTestament, weer deur 'n teken, 'n teken wat teruggryp op die sondvloedgebeure ('n teenbeeld daarvan, vs 21). Dié teken is die sakrament van die doop. Met die doop verkondig Christus: Net soos die goddeloosheid by die sondvloed deur water uit die mensdom weggewas is, so seker het Jesus Christus deur sy bloed julle skoongewas van julle sondes. Hou daarom in geloof aan hierdie versekering van Christus vas, en jou lewe sal, deur sy lyde, uitloop op die ewige heerlikheid by God.

*Sing Psalm 116-1:4, 5*

*Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)*